Keuse van 'die regte skool' vir kinders raak probleem vir ouers

Alet Rademeyer

PRETORIA. – Skole heropen môre en talle ouers moet nou besluit waar hul kinders vir 2014 by 'n nuwe laer- of hoërskool ingeskryf moet word.

Die keuse van "die regte skool" is volgens onderwyskenners toenemend 'n probleem vir ouers omdat tradisionele faktore soos afstand van die huis af nie meer deurslaggewend is nie.

Prof. Elda de Waal, onderwyskundige aan die Noordwes-Universiteit, doen tans navorsing om te kyk wat party skole "meer gelukkig" as ander maak.

Voorlopige aanduidings is dat dit nie noodwendig akademiese prestasie is nie, maar eerder die aard van die verhouding tussen die hoof en sy personeel en hoe leerlinge "bemoedig" word.

De Waal meen 'n skool se ligging en afstand van die ouerhuis is steeds 'n belangrike oorweging. Die meeste ouers werk en wil weet hul kinders kan maklik by skoolaktiwiteite uitkom.

Ander faktore is 'n skool wat in die unieke onderrigbehoeftes van 'n kind voorsien en byvoorbeeld 'n uitgebreide vakkeuse soos musiek of tegniese vakke aanbied.

De Waal is nie oortuig dat ouers hulle soveel aan die matriekuitslae van 'n skool steur nie. "Vir baie is dit belangriker wat die gemeenskap van 'n skool dink en sê. En of leerlinge graag daar wíl skoolgaan."

De Waal is nie ten gunste van 'n hedendaagse tendens waar skole mekaar doodwurg en mekaar se leerlinge afrokkel nie. "As almal besluit om hul kinders net na uitnemend presterende skole te stuur, wat sal van die res word?"

De Waal het begrip as 'n ouer met 'n uitsonderlike kind 'n bepaalde skool kies. "Die werklikheid is egter dat 80% van die samelewing nie uitsonderlik begaaf is nie. Mense moet 'n verskil maak waar hulle is en besef enige gewone skool kan met die nodige passie besonders wees."

De Waal meen as ouers private onderwys kan bekostig, is dit hul goeie reg. "Dit is egter openbare skole wat 'n spieëlbeeld van die samelewing is."

Paul Colditz, uitvoerende hoof van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas), sê ouers kyk eerste na die akademiese prestasie van 'n skool benewens ander opsigtelike tekens soos hoe die geboue, infrastruktuur en terrein in stand gehou word.

Baie ouers maak 'n keuse op grond van die etos, dissipline en bepaalde waardes wat 'n skool uitleef. Vir party ouers is individuele aandag belangrik of 'n omgewing waarbinne die kind gelukkig is en floreer.

Volgens Colditz is sport en kultuur bykomende faktore in die keuse van 'n skool.

Wat goeie skole betref, het hy gesê daar is talle bewyse op veral die platteland waar skole agteruitgaan waar ouers gebruik maak van saamryklubs, koshuise of losiesgeriewe om hul kinders in stedelike of naburige skole te plaas.

Volgens hom is die beginsel om na die naaste skool te gaan uitgedien én ongrondwetlik omdat dit leerlinge se reg op assosiasie misken.

Hy het gesê skoolgeld is 'n faktor, maar nie só belangrik nie omdat die wet voorsiening maak vir gedeeltelike of volle vrystelling van skoolgeld as ouers dit nie kan bekostig nie.

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n die publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."